Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 15 Februarie 2019

## 1. JAARBLAD:

Die jaarblad van 2018 is hier! Dit is werklik 'n spogproduk wat vele, soete herinneringe oproep. Leerders wat in 2018 reeds hul jaarblad bestel en betaal het, sal dit dié week ontvang. Graad 12-leerders van 2018, wat reeds betaal het, kan hul jaarblaaie in die algemene kantoor in ontvangs kom neem. Indien enige ander leerder 'n jaarblad nou wil bestel, kan hul dit aankoop teen R120.00

## 2. MUNTE-PUNTE :

Baie dankie vir die pragtige deelname van al die huise tydens die Munte-punte Interhuiskompetisie.
Die uitslae is soos volg:

1. Vikings
2. Knights
3. Spartans
4. Samurai

Die skool het 'n totale bedrag van R8358.60 ingesamel!







## 3. TAFELTENNIS - INTEHUIS:

Die Tafeltennis Interhuis het ook vir opwindende momente gesorg én dit is interessant om die verskillende huisspanne se uitslae hiér te beleef:

1. Spartans
2. Knights
3. Samurai
4. Vikings

Aangesien die Vikings die Munte-punte en die Spartans die Tafeltennis Interhuis gewen het, mag hulle op Maandag, 18 Februarie huishemde aantrek saam met die korrekte Wonnie-broek, wit kouse en seilskoene.

## 4. TENNIS UITSLAE:

Baie geluk aan die Eerste Tennisspan. Hulle wen teen Afrikaans Hoër Meisieskool met 'n telling van 41:26.

## 5. ATLETIEK - MOOTBYEENKOMS:

Op 8 Februarie het Die Hoërskool Wonderboom 'n atletiekbyeenkoms aangebied waar sewe skole kragte gemeet het. Baie geluk aan die volgende atlete met hul eerste plekke:

Megan Fouché (0/17) 1500m
Clarissa Ritchie (0/16) Driesprong
Shelby Visser (0/19) 400m
Tiaan Hatting (0/16) 110m Hekkies
Damian van der Merwe (0/16) Gewigstoot
Dawie Breet (0/14) Diskus
Reece Kruger (0/15) 800m, 1500m en 3000m
JJ Breedt (0/16) 100m, 200m en Verspring

Lize van der Merwe (0/19) 1500m
Simoné Swart (0/15) 90m Hekkies en Spiesgooi
Marlon Rossouw (0/16) 1500m
Devin da Silva (0/15) Diskus
Duncan Bezuidenhout (0/19) Gewigstoot
Seuns 0/16 Aflosspan

**JJ word ook aangewys as die Senior Victor Ludorum. Baie geluk!**

**4. MIDMAR-MYL:**

Baie geluk aan die volgende Wonnie-swemmers wat die Midmar-myl suksesvol voltooi het. Ons is dankbaar dat niemand in warm water beland het nie:

| | | |
|---|---|---|
| Lieze Boëttger | Tanike Michau | Henry Jacobs |
| Leanne Pretorius | Lehan Langenhoven | Christiaan Hooper |
| Erich Pretorius | | |



**5. D6-CONNECT:**

Besoek gerus die skool se webblad en laai die volgende twee toepassings af:

1. D6-Communicator: Deur middel van die toep word u as ouer bewus van alle skoolkommunikasie, die skoolkalender, nuusgebeure ens.
2. D6-Connect: Deur middel van die toep kan u onder andere skoolrekeninge betaal en u kind se punte kontroleer.

**6. AFWESIGHEID TYDENS FORMELE ASSESSERINGS:**

Leerders wat afwesig is tydens enige formele assessering (toetse/take/opdragte) moet 'n doktersbrief inhandig. Indien geen doktersbrief ingehandig word nie, sal die leerder 'n 0-punt ontvang.

**7. SKENKINGS VIR SPORTKLERE:**

Graag vra ons vir enige skenkings van sportklere. Daar is leerders wat dit werklik nie kan bekostig om sportklere aan te skaf nie.

**8. GEEN MEDIKASIE VIR LEERDERS:**

Volgens wetgewing mag die skool aan geen leerders medikasie verskaf nie. Daar sal dus van nou af geen medikasie vanuit die algemene kantoor vir leerders gegee word nie – ouers sal wel in kennis gestel word van die leerder se siekte.



**9. KLEURBAADJIES – GRAAD 8 EN 9:**

Kleurbaadjies is verpligtend vir alle graad 8- en 9-leerders. Moet asseblief nie die finansiële uitgawe aangaan om vir u kind 'n sweetpakbaadjie te koop, as die leerder nie deel is van 'n sportspan nie. Sweetpakbaadjies word slegs tydens sportbyeenkomste gedra.

**10. GHOLFDAG:**

Die Hoërskool Wonderboom bied op 1 Maart 2019 'n gholfdag by Akasia-Gholfbaan aan. Kontak gerus mnr. Janse van Rensburg by 012 335 6806 (Uitbreiding 126) vir verdere navrae of bestudeer die aangehegte inskrywingsvorm.



M LEZAR
SKOOLHOOF